Limitless Tutor

Practise Sentences – Lydende en Bedrywende Vorm (Active and Passive Practise Sentences)

Question 1 SKRYF DIE VOLGENDE IN DIE LYDENDE VORM:

1. Die juffrou sal die student baie vinnig help.
2. Ek lees elke vakansie ’n nuwe boek.
3. Die man het die vrou by haar huis gehelp.
4. Jy moet die werk leer.
5. Die hoof maak ’n voorstel aan die onderwysers.
6. Die meisie moet môre die eksamen skryf.
7. Die bende het die venster gebreek om in te klim.
8. Ons sal môre die bal by die sportwinkel koop.
9. Die onderwyser sal môre die toetse merk.
10. Almal het die eksamen geslaag.
11. Sy het die wedstryd vandag gespeel.
12. Die meisie het die medisyne gedrink om beter te voel.
13. Ek het die kos gister stadig in die kombuis geëet.
14. My ma het nie die boek vandag gelees nie.
15. Die loodgieter het die pyp herstel.
16. Ma berei ‘n heerlike ete voor.
17. Het die polisie die skelm gevang?
18. Eet jou groente.
19. Ek sal nie die skoolfunksie bywoon nie.
20. Sy mag die boek vandag lees.
21. Die baba drink die melk vinnig om sy dors te les.
22. Speel jy elke dag tennis?

# Limitless Tutor

www.limitlesstutor.co.za +27 71 103 5946 students@limitlesstutor.co.za

**Memorandum**

1. Die student sal vinnig deur die juffrou gehelp word.
2. ‘n Nuwe boek word elke vakansie deur my gelees.
3. Die vrou is deur die man by haar huis gehelp.
4. Die werk moet deur jou geleer word.
5. ‘n Voorstel word deur die hoof aan die onderwysers gemaak.
6. Die eksamen moet môre deur die meisie geskryf word.
7. Die venster is deur die bende gebreek om in te klim.
8. Die bal sal môre deur ons by die sportwinkel gekoop word.
9. Die toetse sal môre deur die onderwyser gemerk word.
10. Die eksamen is deur almal geslaag.
11. Die wedstryd is vandag deur haar gespeel.
12. Die medisyne is deur die meisie gedrink om beter te voel.
13. Die kos is gister stadig deur my in die kombuis geëet.
14. Die boek is nie vandag deur my ma gelees nie.
15. Die pyp is deur die loodgieter herstel.
16. ‘n Heerlike ete word deur Ma voorberei.
17. Is die skelm deur die polisie gevang?
18. Jou groente moet geëet word.
19. Die skoolfunksie sal nie deur my bygewoon word nie.
20. Die boek mag vandag deur haar gelees word.
21. Die melk word vinnig deur die baba gedrink om sy dors te les.
22. Word tennis elke dag deur jou gespeel?

**TIP: Now use the MEMO answers, as Questions and Reverse them back to Bedrywende Vorm. (Use Question 1 original sentences as your memo)**